# DIE ONTSTAAN EN VROEË GESKIEDENIS VAN DIE OLIMPIESE SPELE

Dr. H.D. Longland
Departement Geskiedenis
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

Waar die ou Grieke tussen ongeveer 1000vC en 700vC as nomade hul veestapels versorg en kleiner stamgevegte gevoer het, het hulle later gevestig geraak en die landbou begin beoefen. Sodoende het blywende gemeenskappe begin ontstaan waaruit stadstate (provinsies) met deeglike regeringsvorme en goeie wette ontwikkel het. Die Olimpiese Spele, wat vandag as die grootste sportgebeure in die wêreld beskou kan word, het sy ontstaan in antieke Griekeland gehad en was die geleentheid waar atlete van hierdie verskillende stadstate teen mekaar te staan gekom het.

Nou was dit so dat sport inderdaad 'n belangrike rol in die lewe van die Grieke gespeel het. Van jongs af is hulle al daarmee vertroud gemaak en was dit 'n onmisbare deel van die opvoeding. Maar dan het die Spele as sodanig ook nou verband gehad met die godsdiens van die Grieke. Hulle het 'n veelgodedom gehad en alhoewel hierdie gode volgens hul beskouing net soos gewone mense geëet, geslaap, geveg en liefgehad het, was hulle tog bonatuurlike wesens wat onsterflik was. Elke familie, stam en stad het mettertyd sy eie gode aangeneem. Hierbenewens was daar ook die dertien algemene (of opperste) gode soos Zeus, die hoofgod, wat soos 'n koning oor die ander regeer het, Poseidom, die god van die see, Aphrodite, die godin van die liefde, Ares, die oorlogsgod, Apollo, die songod en andere. Die gode-tempels was vir die Grieke van groot betekenis en was die roem van elke stad en die kern van elke staat.

Godsdiens het 'n belangrike rol gespeel by die antieke Olimpiese Spele, wat in der waarheid 'n onderdeel gevorm het van 'n groot religieuse plegtigheid wat elke vierde jaar ter ere van die hoofgod, Zeus, gehou is. Dit het egter nie by die berg Olimpus in Noord-Griekeland, waar volgens die Grieke die meeste gode gewoon het, plaasgevind nie, maar op die Vlakte van Elis in suidwestelike Griekeland en wel by 'n plek genaamd Olimpia. Oor presies wanneer die Spele ontstaan het, is daar nie sekerheid nie, maar in 776vC is een van die vroegste spele gehou waarvan daar wel besonderhede beskikbaar is. Daarom word die jaar 776vC algemeen deur geskiedskrywers aangegee as die begin van die Spele. Alhoewel daar ook ander sportbyeenkomste gehou is, was die Olimpiese Spele inderdaad die belangrikste. Dié byeenkomste was so belangrik dat alle Griekse state hul kalenders in vierjaartydperke, die sogenaamde Olimpiades, verdeel het. Die Spele en gepaardgaande feeste, wat deur groot skares bygewoon is, het baie daartoe bygedra om gaandeweg aan die losstaande stadstate 'n enerse kultuur te besorg. Daarom kan H.G. Wells tereg verklaar ". . . they did much to maintain that sense of a common Greek life (pan-Hellenic) trancending the narrow politics of the city states".

Die Olimpiese Spele was in werklikheid die eindronde van uitdunkompetisies wat in die verskillende stadstate gehou is. Slegs mans en seuns wat hulle Griekse afkoms kon bewys, is toegelaat om deel te neem. Daarbenewens moes elke deelnemer ook bewys lewer dat hy die wette van die land gehoorsaam, dat hy 'n "vryman" en nie 'n slaaf is nie en dat hy nog nooit in die tronk was nie. Elke deelnemer moes ook 'n eed aan Zeus, die god van die Spele, aflê waarin hy onderneem het om die godsdiens van sy land in ere te hou en selfs, indien nodig, daarvoor te sterf.

Die "ou" Olimpiese Spele het vyf dae lank geduur en het met groot volksfeeste gepaard gegaan terwyl die Grieke vakansie gehou het. Alhoewel die verskillende stadstate maar gedurig onderling in oorlog gewikkel was, is die Spele as so belangrik beskou, dat 'n maand voor dit in aanvang moes neem altyd 'n wapenstilstand (ekecheiria of godsvrede) verklaar is om deelnemers sowel as toeskouers die geleentheid te bied om in veiligheid na Elis te reis. Hierdie heilige wapenstilstand het tot 'n maand na die Spele afgehandel is, voortgeduur sodat almal 'n kans kon kry om weer hul tuistes te bereik. Enige oortreding in dier voege is gestraf met uitsluiting van deelname. Vir meer as 'n duisend jaar, vanaf 776vC tot ongeveer 393nC het die Spele, ten spyte van talryke oorloë tussen state, gereeld elke vier jaar plaasgevind.

Priesteresse was wel behulpsaam by die seremonies van die eerste dag van die Spele, wat aan godsdiens, musiek en sang gewy is en waar deelnemers voor die skares verbygemarsjeer het en offers aan Zeus gebring is. Vir ander vroue was dit egter verbode om as toeskouers teenwoordig te wees en vroue kon ook nie deelneem nie. Alhoewel hulle geheel en al uitgesluit is, is dit bekend dat die Griekse vrou nogtans groot belangstelling in die prestasies van haar seun of man gehad het. By die perderesies het die prys nie na die jokkie nie, maar wel na die eienaar van die wenperd gegaan wat moontlik ook 'n vrou kon wees. Dit was dus destyds die enigste geleentheid vir 'n vrou om wel 'n olimpiese prys te verwerf, al kon sy nie persoonlik deelneem of teenwoordig wees nie.

Die drie dae wat op die openingseremonie gevolg het, is aan die verskillende kompetisies self gewy. Mededinging met die doel om vaardigheid, fisiese vermoë en toewyding te toets is tydens die byeenkoms in 'n aantal sportsoorte gehou. Elke atleet het weliswaar baie opgeoffer om voortreflikheid te bereik en het tydens deelname al sy kragte ingespan. Die Griekse woord vir "atletiek" beteken dan ook "intense spanning tydens 'n kompetisie". Die deelnemers was heeltemal nakend en "gymnos", die woord waarvan "gimnas" afgelei is, beteken "ongekleed".

Tydens die Spele is daar gehardloop, geboks, gestoei, spies en diskus gegooi en met perde en met perdewaens resies gejaag. Maar verder het digters, skrywers en redenaars ook gekompeteer en gevolglik was dit die plek waar die Grieke met die nuutste boeke en gedigte kennis gemaak het. Daar was reeds die vyfkamp (pentathlon) wat uit hardloop, verspring, diskusgooi, spiesgooi en stoei bestaan het en wat 'n besondere prestasie was om te wen. Die woord diskus kom dan ook van die Griekse woord "diskos" wat beteken "'n ding wat gegooi kan word".

Sportsoorte waar in spanne deelgeneem is, was egter onbekend. Dit het gestrook met die karakter van die ou Grieke wat sterk individualisties ingestel was. Slegs een atleet kon in 'n betrokke nommer die eerste en beste wees; geen tweede of derde pryse is toegeken nie. Daar is ook sover bekend, geen rekords in enige nommer gehou nie. Die marathon, wat vandag

so gewild is, was toentertyd onbekend en het dus nie deel uitgemaak van die program nie; dit is eers in die moderne tyd en wel by die ''nuwe'' Olimpiese Spele in 1896 ingevoer. Die lengte van die stadion het tydens die ''ou'' Spele op verskillende tye en op verskillende plekke tussen 170 en 190 meter gevarieer. Die erkende lengte was egter 192,27 meter of ongeveer 210 tree. Tydens stoeigevegte was die stoeier wat daarin geslaag het om sy teenstander driemaal teen die grond te kry die wenner. Dit was ook nie nodig om sy skouers teen die grond te druk nie; slegs die aanraak van die grond met die knieë was al voldoende. Met die boks het dit redelik rof daaraan toegegaan en is die stryd slegs deur 'n uitklophou beëindig of wanneer een van die boksers nie meer in staat was om voort te veg nie en spreekwoordelik die handdoek moes ingooi.

Op die vyfde en laaste dag van die Spele het die prysuitdeling plaasgevind en is verdere offerandes deur dié deelnemers wat as oorwinnaars uit die stryd getree het, aan Zeus gebring. Alhoewel die stadstaat, wat deur die atleet verteenwoordig is, se eer ook op die spel was, was dit die individuele atleet se prestasie wat bekroon is. Die wenner het geen pryse in materiële sin ontvang nie en ook nie 'n goue-, silwer- of bronsmedalje soos vandag die gebruik is nie, maar slegs 'n krans van olyftakke. Vir die seëvierende atleet was die eer verwerf om die eerste en beste te wees inderdaad die grootste prys.

Alhoewel die atleet by die Spele net met 'n louerkrans bekroon is, het sy tuisstad hom by sy terugkoms op luisterryke wyse vereer en is hy onder meer groot bedrae geld deur die rykes aangebied, is hy vrygestel van belastings, is odes (liriese gedigte) tot sy eer geskryf en is ook soms 'n standbeeld van hom by Olimpia opgerig. Met sy aankoms in sy tuisstad is gewoonlik 'n opening in die stadsmuur gemaak waardeur hy in 'n strydwa, wat deur wit perde getrek is, binnegelaat is. Hierdie opening is nie weer toegemaak nie, want daar is geredeneer dat 'n stad wat so 'n held kan oplewer nie mure vir beskerming nodig gehad het nie.

Alhoewel Griekeland in 146vC deel van die Romeinse Ryk geword het, het die Spele daarna nog ongestoord te Olimpia plaasgevind, ten spyte van 'n poging om dit na Rome te verskuif. Die karakter van die Spele sou hierna 'n bietjie verander deurdat Romeinse atlete ook deelgeneem het en met die Griekse atlete gekompeteer het. In 391nC het Theodosius I, 'n Christenkeiser, egter al die heidense kultusse verban en is, met Zeus en al die gode van Olimpus weggedoen. Die laaste Olimpiese Spele vir die antieke tyd, die 293ste, het gevolglik in 393nC plaasgevind en hiermee is 'n tradisie van 1168 jaar beëindig.

In 1896 is die Olimpiese Spele weer ingestel as gevolg van die beywering van die Fransman, baron Pierre de Coubertin, wat tereg as die ''vader van die moderne Olimpiese Spele'' bekend staan. Hy het gemeen dat sport 'n belangrike middel kon wees om vriendskap en vrede tussen die verskillende lande en volkere te bevorder; 'n edele doelstelling wat ongelukkig nie na wense gerealiseer het nie.

Die eerste byeenkoms van die moderne Spele het plaasgevind in Athene in Griekeland; die tweede in Parys (1900) en die derde in St. Louis (1904). In die gees van die ''ou'' Spele wou De Coubertin vroue van deelname uitsluit. Alhoewel hy hom sy hele lewe lank daarteen verset het, moes hy noodgedwonge toelaat dat tydens die 1900-spele in Parys reeds 11 vroue aan die byeenkoms deelneem. Alhoewel die ''ou'' Olimpiese Spele, soos ons gesien het, 1168 jaar lank ononderbroke voortgegaan het, moes die ''moderne'' Spele reeds drie keer weens oorlogstoestande afgestel word, en wel in 1916 tydens die Eerste Wêreldoorlog en in 1940 en 1944 tydens die Tweede Wêreldoorlog. Wanneer die volgende Olimpiese Spele in 1922 in Barcelona in Spanje plaasvind, sal dit die 22ste Spele van die moderne tyd wees.

**BRONNELYS**


A.E.R.: Olimpiades – toe en nou *(Die Huisgenoot*, 16 Januarie 1948).

Bland, Ernest A. (Ed.): *Olympic Story.* 1948, Rockliff, London.

Breasted, James Henry: *Ancient Times.* 1944, Ginn and Company, Boston.

Derksen, J.J.V.M.: Om de eer de Geschiedenis van de Olympische spelen (*Spiegel Historiael,* 10 Oktober 1988).

*Drees, Ludwig: Olympia; gods, artists and athletes.* 1968, Pall Mall Press, London.

Glubok, Shirley en Tamarin, Alfred: *Olympic Games in Ancient Greece.* 1976, Harper and Row Publishers, New York, Hagerstown, San Francisco en London.

Kapp, P.H. e.a.: *Geskiedenis van die Westerse beskawing.* 1982, Haum, Pretoria.

Kieran, John en Daley, Arthur: *The Story of the Olympic Games.* 1969, J.B. Lippincott Company, Philadelphia en New York.

Swart, Marius J. en Zietsman, P.H.: *Die Westerse ontplooiing.* 1976, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

Wells, H.G.: *The Outline of History.* 1925, Cassell and Company, Ltd., London, New York, Toronto en Melbourne.